# TAFELDRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Aanhoudende reën het paktoestande in die Limpopo/Mpumalanga area baie moeilik gemaak. Minder druiwe as gewoonlik is daarvandaan uitgevoer en meer is na die lokale mark gestuur. Dit het die lokale pryse drasties beïnvloed en baie druiwe word tans onder produksiekoste verkoop.

Daarteenoor het die Oranjerivier baie goeie paktoestande ondervind. Omtrent geen reën het in die gebied geval nie. Nadat daar aanvanklik met suikers gesukkel is, het die gebied die laaste week of twee baie goed gepak. Tans is dit meesal Ivory en Sweet Celebration wat gepak word, met ARRA15 en Sweet Globe wat eersdaags sal volg.

Die Olifantsrivier en Bergrivier het ook nou effens begin pak en die eerste Prime, Sugra13 en ARRA33 is ingeneem. Die Hex sal seker in ‘n week of twee goed aan die gang kom.

Tans is die groot probleem die opeenhoping in die hawe. Daar is wel strukturele en bestuursprobleme maar die grootste probleem is die groot aantal ure wat die hawe nie kon werk weens die hoë windspoed nie. Die hawe het vanjaar in November 414 ure gestaan teenoor die 265 ure in November laasjaar. Tot laasweek kon die hawe alreeds in Desember vir 212 ure nie werk nie, teeenoor die 127 ure vir die hele Desember laasjaar.

Bogenoemde het alreeds baie probleme veroorsaak. Die Kalahari Express het vertrek sonder om klaar te laai en het ongeveer 70 koelhouers agter gelaat. Gelukkig niks van Sapex nie. Die volgende skip, die One Responsibilty, het besluit om nie Kaapstad aan te doen nie en is vanaf Gqeberha direk na Rotterdam. Gelukkig het ons vroeg al besluit om klompie houers direk na Gqeberha te stuur en dit kon toe wel daar laai. Die groot probleem is tans die Santa Cruz wat die volgende skip was vir Kaapstad. Die skip se stacks het alreeds op 12 Desember gesluit om te begin laai en, soos ons in die vorige verslag gesê het, sou die skip op 16 Desember vertrek het om ongeveer 30 Desember in Europa te wees. Die skip lê egter nog steeds in die hawe. Dit “laai” nou al 12 dae. Daar is ook nie ’n duidelike aanduiding wanneer dit gaan vertrek nie. Die nuutste beoogde vertrekdatum is 25 Desember om 12h00 die middag.

Sapex het heelwat houers op die boot. Verkope daarvan gaan dus in alle waarskynlikheid eers laat in Januarie plaasvind. Sodra ons weet wanneer die skip vertrek sal ons die besluit moet maak of ons iemand spesiaal gaan stuur om met die aankoms daar te wees en of ons dit met die Berlyn skou gaan kombineer.

Huidige aankomstes oorsee is wisselvallig. Oor die algemeen is die aankomstes uit die Oranjeriver goed, maar probleme word met die aankomstes vanuit Limpopo/Mpumalanga ondervind. Gelukkig is die mark tans nie oorvol nie, so die probleme word hanteer.

**Marktoestande Europa en VK.**

Verkope in Europa en die VK is effens stadiger as wat verwag is, maar die meeste van die opgehoopte voorraad van Peru en Brazil is nou redelik weggewerk. Die vertragings in die hawe gaan egter veroorsaak dat daar in Januarie baie druiwe vanaf Suid-Afrika en Namibië arriveer. Moeilike marktoestande lê dus voor en die verwagting is dat die pryse van die huidige vlakke van €15 - €15.50 kan daal na €13 - €13.50. Soos meeste van ons invoerders egter vir ons sê is dit baie moeilik om op hierdie stadium te ver in die kristal-bal in te kyk. Die kwaliteit en kondisie van die aankomstes sal bepaal hoeveel aandag en werk die invoerders aan die druiwe sal gaan moet gee, bv oorpak of net vinnig deurkyk. Daar is natuurlik kostes aan die aksies verbonde en dit sal deels die resultate bepaal.

Dit gaan in Januarie en waarskynlik ‘n groot deel van Februarie baie belangrik wees om die Supermark programme te diens. Dit is waar die pryse meer stabiel gaan wees. Die ope mark gaan onder baie druk wees. Dus is ons gemaklik en gerus in terme van die Supermark kanale en invoerders met wie ons werk.

**Marktoestande in Suid-Oos Asië.**

Ons ondervind dat daar tans ‘n konserwatiewe vraag is na Suid-Afrikaanse tafeldruiwe in Suid-Oos Asië. Hulle soek baie spesifieke korrelgrootte, gehalte en net sekere kultivars.

Kliënte probeer tans om van hul ou goedkoop voorraad, hoofsaaklik Chinese druiwe, ontslae te raak om nuwe voorraad in te neem om betyds te wees vir Chinese Nuwejaar. Daar is gelukkig nie te veel ou vrugte nie en soos een koper dit stel: “The market is in balance at the moment”. Dit mag natuurlik vir verskillende mense verskillende betekenisse hê.

Ons programme loop reeds vir 3 weke in Suid-Oos Asië en die meeste verkoopspryse wissel tussen $14.50 en $15.50 CIF. Die Viëtnamese mark was die afgelope twee jaar baie stil maar ons kry vanjaar redelike versoeke vir druiwe van daar af.

Die vorige twee Ooste skepe het vertrek en ons laai nou die Kota Lekas wat hopelik die naweek sal vertrek. Die volgende skip, die Cosco Wellington, is ons teiken skip om meeste druiwe weg te laai om gemaklik voor Chinese Nuwejaar in die Ooste te arriveer. Ons pak tans in die Oranjerivier en Trawal en begin ook Maandag voluit pak in die Bergrivier area met Sable, Midnight, Sweet Celebration en Ivory vir Suid-Oos Asië.

Ons sal nog moet wag en sien wat ons kompetisie naamlik Peru, Indië en Australië gaan doen. Namibië se eerste besendings kom nou in die mark aan. Gewoonlik is die kompetisie eers na Chinese Nuwejaar ‘n groot faktor. Indien ons die regte kwaliteit, kondisie en kultivars in die mark plaas behoort ons ‘n goeie seisoen te hê.

**Marktoestande in Midde-Ooste.**

Die Midde-Ooste mark is alreeds onder baie druk. Deels is dit omdat meer druiwe as normaal via Durban verskeep is, en dus na die Midde-Ooste, om die opeenhoping in Kaapstad te vermy. Pryse gaan waarskynlik nou onder $10.00 daal. Aanduidinge is dat

die Redglobe nie so erg beïnvloed gaan word nie, omdat daar baie minder van die kultivar beskikbaar is.




Groete.

Sapex Span.